

S.V. Petersen se poësie van verwantskap

Hein Willemse

The article explores an enduring tension in the poetry of S.V. Petersen, namely his relationship with his “countrymen with the fairer skin, the source of much of [his] torment”. Initially, the paper deals with aspects of linguistic affiliation, followed by a discussion of formal poetic features and an exploration of the theme of kinship in Petersen’s poetry, augmented with reconstructive commentary on the social environment from which his poetry arose. The paper interrogates the apparent self-evidence of Petersen’s decision to write in Afrikaans, since the prevailing social and political circumstances in the 1940s did not favour such a choice; this is followed by a discussion of the poet’s linguistic register as a symbolic act and the development of the theme of kinship in his work over a period of forty years. The encouragement of his lecturers and fellow Afrikaans writers, a sympathetic publisher, Petersen’s Afrikaans youth and, quite possibly, his conservative political views prompted his choice of language, whereas his poetic view of kinship developed from alienation, reproach and disillusionment to optimism in his mature years.

1. Inleiding

Die vierde gedig in S.V. Petersen (1914–87) se debuutbundel *Die enkeling* (1944) heet “Verwantskap”.¹ Dit is ’n minder-bekende gedig omdat dit anders as “Bede”, “Die veles”, “By Kafferskuilrivier”, of “Aand op Riversdal” nie in skool- of algemene bloemlesings opgeneem is nie en omdat die meeste Afrikaanse lesers selde gedigte in bundelverband ervaar. Die gedig suggereer ’n kort tweespraak tussen ’n kolonis-afstammeling en ’n slaaf-afstammeling, met eersgenoemde wat aandui dat die gespreksgenote op grond van hul afsonderlike geskiedenis vreemdelinge is en dus niks met mekaar te doen het nie. Volgens die wederwoord van die slaaf-afstammeling mag daar inderdaad vervreemding wees, maar die “broederband” kan nie ontken word nie.

Verwantskap

“Weet dit:

vir my bly jy ’n vreemdeling,

niks meer:

Jou vader was ’n slaaf,

en myne was ’n heer!”

“As dit,

as dit by vaders kom, is ons

verwant!

En vreemde broer, durf jy

ontken, die broederband?!”

Die gedig omvat ’n spanning wat as die kernverhouding in Petersen se klein poësie-oeuvre gelees kan word naamlik, soos hy dit in ’n vroeë tydskrifartikel stel: sy verhouding met sy “landgenoot met die ligte vel (...) oor wie (hy) wroeg” (Petersen, 1956?: 85; eie vertaling). Selfs in “Portret ‘60”, ’n gedig uit sy voorlaaste bundel *Nag is verby* (1980), byna veertig jaar na sy debuut, “bly [dit] die donker groot probleem / waarop hy moeisaam konsentreer”. Dwaarsdeur die Petersen-oeuvre kom aspekte van die verhouding, hierdie verwantskap, na vore – ’n tematiese aspek wat hier in verwysing na ’n aantal van sy protesgedigte ondersoek sal word. Die verwantskapsgedagte kan uitgebrei word om taalverwantskap en selfs poësie as vormlike gegewe onder die loop te neem.

Hier sal agtereenvolgens twee aspekte ondersoek word: ten eerste, aspekte van taalverwantskap, waarom het Petersen in Afrikaans geskryf?; daarna ’n kort bespreking van vormlike aspekte van sy poësie, gevolg deur ’n vlugtige oorsig van die verwantskapstema in sy oeuvre wat beweeg vanaf vervreemding, gebrokenheid en verwyf tot ontnugtering en later digterlike optimisme.

2. Afrikaanse poësie as kode van verwantskap

Ten eerste dan die kwessie van taalverwantskap. Petersen se debuutbundel *Die enkeling* verskyn in ’n tydvak toe Afrikaanse literêre publikasies as uitdrukking van die hernude opbloei van Afrikanernasionalisme van groter belang geword het. Veral die opkoms van die Dertigers en meer bepaald die poësie van Van Wyk Louw het aan Afrikaans intellektuele respekabelheid gegee en jonger digters soos Petersen ten opsigte van kunsingesteldheid beïnvloed. Ouer Afrikaanse literatuurhistorici wat dikwels hulself as streng teksimmanente literatore beskou het, klassifiseer dikwels die digterskap van Petersen en dié van sy tydgenoot Olga Kirsch, ’n digter van Joodse afkoms, om buiteliterêre redes as uitsonderlik (vgl. Dekker, s.j.: 179, 262, 292). In die geval van Petersen is dit sy herkoms wat as die merk van uitsonderlikheid beskou word. Vir die meeste literêre kritici is die Afrikaanse digterskap van Petersen vanselfsprekend, maar ons sou teen die grein kon lees: waarom het hy hoegenaamd in Afrikaans gepubliseer?

Alhoewel Afrikaans Petersen se moedertaal was, was skryf en publikasie daarin nie vanselfsprekend nie, nog minder was dit in sy omstandighede sosiaal of polities gunstig. Dit was maar in 1925 dat die taal amptelike status gekry het of in 1933, kwalik elf jaar voor die publikasie van sy debuut, dat die Bybel ten volle vertaal is. In vergelyking met Engels en die Engelse letterkunde het Afrikaans of die opkomende Afrikaanse letterkunde geen prestige gehad nie sodat selfs gesiene, professionele Afrikanerfamilies na Engels gemigreer het (kyk Steyn, 1980: 180–81). Petersen het sy matriek met Engels op hoërgraad en Afrikaans op laergraad voltooi (Petersen, 2010) en trouens sowel sy sekondêre onderrig aan Trafalgar Hoërskool as sy tersiêre opleiding aan Battswood Opleidingskollege en die Universiteit van Kaapstad hoofsaaklik deur medium Engels ontvang. Hy was ten volle tweetalig en op ouderdom dertig reeds ’n ingesetelde stadsmens. Hy was ook “’n

vooraanstaande lid van die Kleurlingbevolkingsgroep”, ’n erkenning wat per geleentheid as skeldwoord teen hom gebruik is (kyk Jonker aangehaal in Van Wyk, 1997). Petersen se werksomgewing was Engels, die taal van die Kaapse gekleurde elite, ’n elitegroepering wat hy as ’n onderwyser, en dan boonop as een van die min gegradueerdes, toe redelik onlangs betree het.² Van die korrespondente van *The Sun* en *Cape Standard* het ’n onderskeibare Kleurlingliteratuur voorgestaan (kyk Raman, 1940: 3; vgl ook Field, 2010: 38, 48). Alhoewel Petersen hom nie hieroor uitgespreek het nie, het hy met sommige van hierdie voorstanders sosiale kontak gehad. Op ’n persoonlike vlak sou hy in sy latere gesins- en familielewe toenemend Engels as huistaal gebruik (*Rapport*, 01.04.1984; 01.11.1987; Petersen, 2010). Later, in 1962, sou hy selfs ’n bundel van sy Engelse gedigte onder die titel *Meditations on the Brink* uitgee. Uit die beskikbare getuienis sou ’n mens soos Petersen as ’n lid van ’n opkomende middelklas groter sosiale prestige verwerf het, indien hy Engels as ’n literêre medium sou kies, vergelyk byvoorbeeld die profiele van Peter Abrahams of Richard Rive wat beide in Afrikaanse huise grootgeword het of Alex la Guma wat Afrikaans ten volle beheers het.

Die standpunte jeens Afrikaans in die elitekringe van Kaapstad was welbekend. Alhoewel iemand soos dr. Abdullah Abdurahman se politieke invloed teen die einde van die 1930’s getaan het, het sy negatiewe menings oor ‘the Taal’ omstreeks die publikasie van *Die enkeling* nog nawerking in belangrike onderwysliggame gehad. Afrikaans se negatiewe politieke assosiasies is versterk omdat dit naas sy dekades lange assosiasie met Afrikanernasionalisme toenemend verbind is met die Nasionale Party en sy komende apartheidsbeleid. In dié opsig het *Die Burger* en sy uitgewer, die Nasionale Pers, die party mildelik ondersteun. (kyk Muller, 1990: 663). In die koerant is aanvanklik die beeld van ’n eng, etniese oriëntasie geskep wat min sosiale ruimte en assosiatiewe moontlikhede vir ’n ontwikkelde Afrikaanssprekende mens soos Petersen gebied het (kyk Petersen, 1952: 2).

In die georganiseerde politiek was dit die konserwatiefste bruin politieke partye wat sedert die begin van die 20ste eeu assosiasie met wit Afrikaanssprekendes of Afrikaans voorgestaan het – verhoudings wat elite en linkse partye en individue in die gekleurde gemeenskap dikwels negatief beoordeel het (vgl. Lewis, 1987: 124 e.v., 130 e.v.). Daar was egter nie ’n grootskaalse afwysing van Afrikaans onder bruin geleedere nie, omdat dit in die Skiereiland en die omringende platteland die taal van algemene sosiale verkeer was: “the Coloured community[’s] ... home language is overwhelmingly Afrikaans” (*The Sun*, 30.08.1940).

Ten spyte van sterk negatiewe gevoelens en die indruk dat die taal in die eerste helfte van die 20ste eeu geassosieer is met kulturele onderontwikkeling, algemene agtergesteldheid en politieke konserwatisme, het anti-regeringstydskrifte en -koerante soos *APO*, die gematigde *Cape Standard* asook die meer linkse *The Torch* Afrikaanse rubrieke of berigte gepubliseer. Daarnaas het Engelse koerante soos die *Cape Standard* wat op die gekleurde elite gemik was, sonder ophef of nasionalistiese omarming van die taal Afrikaanse kortverhale en gedigte gepubliseer, hoofsaaklik as toegif aan hul

jonger lesers (kyk *Cape Standard*, 28.6.37, 25.10.1937, 24.1.1938, 11.12.1940). Die gematigde *The Sun* wat op dieselfde gemeenskapsegment gerig was, het selfs in van sy hoofartikels 'n Afrikaanse eisteddfod vir gekleurde leerlinge ondersteun "to register the progress made by our people in the command of the language" (*The Sun*, 27.09.1940; kyk ook 30.08.1940).

Die naaste wat ons aan 'n direkte antwoord kom op die vraag na waarom Petersen in Afrikaans geskryf het, blyk uit artikels wat hy in die vyftigerjare geskryf het. In 'n ongepubliseerde artikelmanuskrip verwys hy na homself as "'n Afrikaner", "'n rasgenoot" en "'n taalgenuot" (Petersen, 1952).³ In 'n Engelstalige artikel beskryf hy Afrikaans as "'n hartstaal", "'n eerste liefde" "'n geheime hunkering na 'n sorgvrye jeug" of as "die eerste instrument wat ter hand geneem word" terwyl sy werkersklasomgewing "sal verseg om in enige ander taal as Afrikaans vasgevat te word" (vgl. Petersen, 1956?; eie vertaling). Dus: 'n tipiese skrywersantwoord waarin sy plattelandse afkoms en sy intuïtiewe sosiale ingesteldheid vooropstaan. Petersen se taalkeuse kan dus as 'n sosiale merker bestempel te word.

Gegee die konteksstelling hierbo was sy keuse oorwoë eerder as vanselfsprekend en verskeie faktore kon tot sy besluit bygedra het. Hy het as 'n deelydse student en aspirant-skrywer erkenning en aanmoediging van verskeie Afrikaanse skrywers ontvang; van sy ondersteuners was sy dosent, die digter I.D. du Plessis, en die literator Fransie Malherbe asook E.B. Grosskopf, die redakteur van *Die Naweek* waarin Petersen se tydskrifverhale verskyn het. Dié skrywers het van hul werk by die Unie-Volkspers uitgegee en Petersen waarskynlik aan die uitgewery bekendgestel. Die uitgewery het naas *Die Naweek* ook die koerant, *Die Suiderstem*, gepubliseer wat die Verenigde Party se beleid van groter toenadering tussen bruin en wit mense ondersteun het, 'n standpunt waarmee Petersen meer gemaklik was (kyk Muller, 1990: 448 e.v.; Petersen, 1952). Naas hierdie faktore moes sy Afrikaanse jeug en bes moontlik 'n behoudende politieke ingesteldheid beslag aan sy keuse gegee het, terwyl hy nie kon ontkom aan die opwelling van die plaaslike Afrikaanse letterkundige publikasiedrif nie.

Tweedens sou beweer kon word dat naas taalkeuse veral taalregister 'n bewuste sosiale visie by Petersen verteenwoordig. Om die punt te illustreer, vergelyk hierdie snitte uit twee drinkliedere (die eerste uit sy debuutbundel, en die tweede uit sy laaste bundel):

Troos in die wynglas kry ons hier:
 Onrus en sorg verdwyn.
 Laat vaar dan jou nugter gedagte;
 Vergeet al jou slaaplose nagte:
 Proe net die lieue wyn!
 (uit: "Drinklied", *Die enkeling*, 43),

en daarteenoor 'n gedig wat handel oor die vernietiging van Distrik Ses:

Double-storey boarding house
 Plat omgeduiwel!

Gee hom
 die borrel
 en
 gee hom
 die dop
 wat skop!

(uit: “Gee hom die borrel”, *Laat kom dan die wind*, 32).

Beide snitte het dieselfde strekking – sterk drank en sy gawes – maar die styl in die tweede aanhaling is kompakter, kriptieser, selfs epigrammies, soos trouens talle van Petersen se latere gedigte, maar belangriker: hier val die gebruik van die losser vernakulêre spraak op. In die eerste aanhaling, soos in al die gedigte in sy debuutbundel, kom Afrikaans in sy formele gestandaardiseerde vorm voor, selfs waar dit oor werkersklasomstandighede handel (en by talle skrywers – ook by Petersen in sy prosa – dikwels die aanwending van spraakvariasie aanmoedig). Met agternavisie sou ’n mens die taal van sy poësie as ’n kode kon beskou, veral in sy eerste twee bundels: *Die enkeling* en *Die stil kind* (1948). Sy taalregister sou as ’n reeks simboliese handelingte beskou kon word soos vervolgens aangetoon sal word.

Die aanwending van taal in die Afrikaanse poësie, veral dié van sommige Dertigers en Veertigers, verteenwoordig die selfbewustheid van ’n opkomende sosiale orde. Petersen skep aanvanklik in, wat na aanleiding van Mikhail Bakhtin, die monologiese tradisie van die Afrikaanse Letterkunde, genoem kan word. Sy latere poësie sou meer dikwels die veelstemmigheid van verskeie sosiale posisies verteenwoordig. Hy skryf in sy eerste bundels met ’n intuïtiewe begrip dat gekleurde mense dikwels sosiaal en intellektueel minder geag is. “[D]it word mos nou beweer dat ek *anders* is. ’n Blote verbloeming van die woord *minder-menslik*”, skryf hy in sy ongepubliseerde artikel (Petersen, 1952: 1; oorspronklike beklemtoning).⁴ Die afwesigheid van die Kaapse werkersklasvernakulêr in die eerste twee bundels is opvallend omdat sedert C.E. Boniface en later in die werk van Melt Brink, G.R. von Wielligh, verskeie vroeg-Afrikaanse digters, ook Petersen se mentor I.D. du Plessis en die “Straatpraatjes”-rubriek in die *APO* tydskrif, ’n tradisie van “gamattaal” of Griekwa-patois in skrif tot stand gekom het. In geskrewe Afrikaans was die nie-wit spreker in afwyking, in “nie-burgerlike” Afrikaans, in die “brabbeltaal” van die gekleurde “skepsels” gevestig.

Petersen se eerste poësiebundels, anders as sy tydskrifverhale of roman, spreek juis direk teen hierdie lang tradisie van *black speech*. Dit is eers in latere bundels soos *Die kinders van Kain* (1960) en *Suiderkruis* (1965), nadat hy as digter gevestig geraak het, dat hy hom in sy poësie ’n groter mate van linguïstiese variasie – *heteroglossia* – toelaat. Sy eerste verse getuig van ’n selfbewuste vormlike keuse – die formele register van die

Afrikaanse poësie – waarin ’n universiteitsopgeleide digter hom aan sy leserspubliek voorstel. Die ervarende mymerende enkeling dra duidelik sorg dat sy lesers weet dat hy, die apartgestelde “hotnot”, komplekse gevoelens soos drome en ’n verbeelding het en lugkastele kan bou en dit, by wyse van uitbreiding, in die formele “burgerlike” register van die “sublieme ambag” kan verwoord (kyk “In mymering” en “Die dromer” uit *Die enkeling*, 28, 32).

Elders word beweer dat Petersen sy verhouding met Afrikaans vestig op die poëtika van pastorale liriek, negentiende-eeuse konsepsies van die kunstenaar se wesenlike individualisme en die Europese Romantici (kyk Willemse, 1984: 10; Willemse, 2010: 39). Onderliggend aan hierdie opvatting is in *Die enkeling* die poëtiese aanwesigheid van ’n sensitiewe, geïndividualiseerde gees. Dit is die teenwoordigheid van ’n gesofistikeerde individu teenoor die belaglikheid, die onnoselheid en die gebrekkige artikulasie van die gestereotipeerde gekleurde subjek waarmee hy as student van die vroeë Afrikaanse letterkunde bekend moes wees. Tematies, maar ook talig is Petersen se formele taalkeuse – as simboliese handeling – in sy gedigte dié kode van die Afrikaanse Letterkunde met poësie as sy wesenlike genre. Verwantskap verwys hivolgens nie net na bloedverwantskap nie, maar ook na die bewuste talige keuses wat Petersen maak.

3. Petersen se protespoësie van verwantskap en ontugtering

Naas verstegniese middele soos die metaforiek, die ritme of die digsoort van ’n afsonderlike gedig, is die plek daarvan in bundelverband betekenisvol, net soos die terugkeer van motiewe of die herhaling van bepaalde poëtiese vorme. In hierdie opsig is dit opvallend dat verskeie gedigte met ’n soortgelyke strekking in die eerste afdeling van Petersen se debuutbundel (en sy latere bundels) saamgegroepeer word. So sluit byvoorbeeld agtereenvolgens “Die vreemde”, “Verwantskap”, een van sy bekendste gedigte, “Bede”, en “Opstand” direk bymekaar aan. Vervreemding, ’n kernbegrip in die gedig “Verwantskap”, kom by herhaling in Petersen se eerste, asook sy daaropvolgende bundels voor. In die voorafgaande gedig verskyn die begrip as ’n selfstandige naamwoord slegs in die titel “Die vreemde” in verwysing na “hom” wat “beny” word:

Die vreemde

Vertroue was trots en sterk op sy gelaat,
 Sy treë, gespierd en vry:
 En toe hy nader kom, toe wou ek praat,
 want honger het ek hom beny!
 Maar toe sy oë op my klere val,
 die flenters en die vuil
 aanskou, -- toe weet ek: dit is helgroen gal
 wat in sy oë skuil.

Opeens was ek nie honger meer, en weg
 die branding van my dors; --
 Ek vloek hom, -- hy met sy geboortereg:
 Sy blonde haar; sy breë bors!

En toe die aandwind opstaan, gloei die as
 van bitter opstand weer;
 Maar in die leegte, waar my honger was, --
 daar voel dit rou en seer...

Die assosiasies met hierdie “hom” is “vertroue”, “trots”, “sterk” “gespied”, “vry”; “sy geboortereg / Sy blonde haar; sy breë bors”; daarteenoor is die assosiasies wat die ek-spreker aan homself toeken: “honger”, “flenters” en “vuil”. Die ek-spreker omskryf die blik van die onbenoemde “hom” met die geboorteregtelike “blonde haar” in hierdie afstandelike verhouding as “helgroen gal / wat in sy oë skuil” en sy eie optrede as ’n ongespesifiseerde verwoording van opstand, “ek vloek hom” wat uitloop op ’n gevoel van “rou en seer”. Ten gronde van die skramse verwysing na “honger” en “geboortereg” is waarskynlik die Bybelse verwysing na Jakob se verraad wat aan hom toekomstige heerskappy, rykdom en vaderlike seëninge besorg het, terwyl sy broer Esau tot toekomstige onderdanigheid en armoede verdoem is (Gen. 25: 23–34).

Waar “Verwantskap” en “Die vreemde” op die verhouding tussen bruin en wit mense gemik is, rig “Bede” hom oënskynlik op die ervaring van uitsluiting van diegene met ’n “donker huid”. In sy frase “die vloekstraf van ’n donker huid” word die Abrahamitiese verhaaltradisie opgeroep waar Gam die naaktheid van sy dronk vader, Noag, sien en vervloek word tot “’n kneg van die knegte (...) vir sy broers” (Gen. 9: 20–25 in die 1933-vertaling). Hier is klaarblyklik ’n oproep tot berusting en aanvaarding vir ’n historiese vergryp:

As dit U straf is, dat ek so
 Moet ly, dan wil ek swyg, o Heer;
 Leer my berusting dan;
 Laat my dan maar my kruisweg gaan,
 Tot waar ek voor die donker staan...

Maar die oproep is wrang en hoewel die ek-spreker op sy lyding fokus, is die verwantskap met diegene wat hom in hierdie posisie geplaas het, by implikasie aanwesig, daarop dui die voorwaardelike konstruksies (“Laat dit dan wees” en “As dit U straf is”). Dit is dus nie God nie, maar diegene wat God bely, wat vir die “dieptes, standbesmet / en met verrotte slym besmeer” verantwoordelik is. Lees ’n mens “Bede” in bundelverband is dit opvallend dat die ironiese oproep tot berusting aangevul (en gekontrasteer) word in die daaropvolgende gedig “Opstand” waarin die ek-spreker bid vir “’n wilde mag; / Net

vir 'n uur, 'n hand gestrek / in Simsonkrag". Alhoewel hierdie oproep tot goddelike ingryping nie as daadwerklike verset vertolk kan word nie, omdat persoonlike aktiewe deelname aan die opheffing van verdrukking wat in Engels "agency" genoem word, ontbreek, word tog die bewusmakende woord – die begin van aktiewe opstand – gespreek. Die Bybelse verwysings in hierdie vier gedigte sou ook as omvattender sosiale kodes gelees kon word.

Die eerste twee gedigte roep die deurlopende spanning van Petersen se digterskap op, naamlik sy stryd met sy "landgenoot met die ligte vel". In hierdie opsig is dit sinvol om Bakhtin se beskouing van poëtiese taalgebruik op te roep, naamlik dat 'n gedig na sigself, na die talige objek verwys, in sigself afgeslote is. In die geval van die eerste Petersen protesgedigte word hierdie verwagting egter oorskry, omdat die gedig so opvallend na buite uitreik en die adressant so regstreeks die geadresseerde en hul verwantskap betrek. "Die vreemde" en 'Verwantskap' verwoord kernaspekte van vroeë konsepsies van 'kleurlingskap' naamlik bloedverwantskap en die sogenaamde "sondes van die vaders" waarvoor Gerrit Dekker (s.j.: 292) dit in sy *Afrikaanse literatuurgeskiedenis* het.

Op 'n persoonlike vlak is dit duidelik dat Petersen 'n veel nadere verhouding "as rasgenoot" met wit Afrikaanssprekendes aangevoel het, as wat hy om politieke redes toegelaat is om uit te leef. In 'n ongepubliseerde artikel "Agter die grenslyn" verwys hy na homself as "'n twee-talige Afrikaner, of beter, 'n Suid-Afrikaner" en alhoewel die "lot (...) dit nou wel so beskik (het) dat ek terdeë bruin van gelaat moes wees, maar om aan oorsprong te dink, was dit ook maar so hittete of ek kon wel blank van gelaat gewees het" (Petersen, 1952: 1).⁵ Sy taal- en kultuurverwantskap beskou hy as ten nouste Westers met homself as 'n "taalgenoot" met die durende las om sy "andersheid" te omskryf:

Ek praat Afrikaans, ek praat Engels net so goed of net so sleg; ek lees en verstaan wat ek lees in Nederlands en in Duits. Net Kaffertaal ken ek nie, Boesmantaal ook nie, en Hotnotstaal is bo my vuurmaakplek.

Kortom, my beskawing is Westers. My land is Suid-Afrika. Begryp u, ek soek nog altyd na andersheid van my Blanke broer.

Hy wil my mos nou ten ene maal om die dood nie erken as sy rasgenoot nie, nie as sy landgenoot nie, as sy taalgenoot nie, as sy eie vlees en bloed nie (Petersen, 1952: 2).

In sy verhouding met die wit Afrikaanssprekende "bly (ek) hom soos 'n skadu by", maar ervaar hy telkens verwerping, 'n verwyte wat hy met dieselfde begrippe as in sy gedigte vasvang. Petersen verwoord sy gewaarwording nie afstandelik of analities nie, maar intens persoonlik: "Ek mag nie dit nie, ek mag nie dat nie. Dis Europeans Only hier, dis Europeans Only daar. Ek is mos nie melaats, of aaklig nie? Ek is nie vuil, of afstootlik nie?" (Petersen, 1952: 2). Dit is opvallend dat dié verwantskap in sowel die genoemde gedigte as in "Agter die grenslyn" nie net na biologiese bande verwys nie.

Hier is dit nuttig om kontekstueel te lees, te herkonstrueer en so die omgewing te probeer peil waarin Petersen se poëtiese dialoog aanvanklik gelewer is. Sommige politieke partye in die eerste paar dekades van die vorige eeu het die gedagte van Kaapse liberalisme verbind met gelyke beregtiging vir “alle beskaafde mense”. In hierdie opsig het ’n bewys van Westerse kulturele assosiasies en lewenswaardes soos die Christelike godsdiens as ’n kragtige inherente aanspraak op gelyke politieke regte gedien. Trouens, sommige bruin politieke partye aan die begin van die 20ste eeu het daarop aangedring dat “beskawing” in die bloed is, dat dit oorerflik is (Lewis, 1987: 129). Die Petersen-gedigte in toonaard, indien nie in wese nie, verwoord fasette van die sosiale debatte van daardie tydperk. Dit was ’n tyd toe gematigde leiers hul ondergeskikte sosiale posisie as bruin mense in die openbaar betreur het, maar nie noodwendig aktivistiese verzet of optrede voorgestaan het nie. Sommige was oortuig dat die teleurstellende nagevolge van Unievorming tydelik was en dat hulle, op grond van hulle herkoms, verwantskap, Westerse lewenswaardes en persoonlike meriete in die (wit-gedomineerde) hoofstroom van die Suid-Afrikaanse politiek opgeneem kon word (kyk Adhikari, 2005: 8; Lewis, 1987: 237 e.v.).

Die terugkerende verwysings, frases en beelde; die herhaalde verwysings na vervreemding, bespottig en “wit gelag” in Petersen se bundels dui op ’n sensitiewe gefolterde individu in ’n verdrukkende omgewing, maar veral ’n gebroke verhouding tussen wit en gekleurde. In hierdie opsig het op die oog af min in Petersen se derde bundel, *Die kinders van Kain* (1960), verander. Daar is weer sprake van bloedverwantskap, hierdie keer in die blote opnoem van Kain, sy broedermoord en die mitologiese vloek wat op sy nageslag sou rus (Gen. 4: 1–15). Tog word die sosiaalgerigte gedigte in hierdie bundel kragtiger verwoord as voorheen. Die ervaring van sosiale verwerping word tydelik nie net meer individualisties beleef nie, maar selfs kollektief (kyk die aanwending van “ons”). In die slotstrofes van die titelgedig in *Die kinders van Kain* (1, toegevoegde kursief) lui dit:

Die son kom op
die drumpeltop
ons gadeslaan:

Net optelgoed
wat voor die voet
te lore gaan.

In “Mulat” verwoord die ek-verteller die verwerping deur sy wit genote in byna patologiese terme. Hierdie keer is daar nie noodwendig sprake van vervreemding nie, maar van ontkenning, van doelbewuste sosiale verraad. Die metaforiese verwysing na melaatsheid is meer intens as in enige van Petersen se vorige gedigte met ’n soortgelyke strekking.

Mulat

Hulle ken hom nie,
 die man met wie
 hulle in die donker maats is;

Toe die daglig kom
 spreek hulle van hom
 asof hy melaats is.

... asof hy melaats is.
 (*Die kinders van Kain*, 4)

Die doelbewuste intensiteit wat in hierdie gedig vasgevang word, kan duidelik gesien word wanneer dit met 'n gepubliseerde voorstudie daarvan vergelyk word. In die gedig “Nocturne” gepubliseer in die tydskrif van die Teachers’ Educational and Professional Association, *TEPA Educational News*, (November-Desember, 1957) tref sowel die mindere gedrongenheid van die gedig as die verandering ten opsigte van die ironiserende titel en die byvoeglike naamwoord “halfmelaats”:

Nocturne

Hulle ken hom nie;
 die man met wie
 hulle in die donker maats is
 – as die daglig kom
 sê hulle van hom
 dat hy halfmelaats is...

Saam sal hulle boer
 om die donker draaie
 by die eerste hoer
 wat met blink oë loer
 by die wandelpaaië
 – hulle wat in die donker maats is
 ... as die daglig kom
 sê hulle van hom
 dat hy half melaats is!

... dat hy half melaats is!

Die veranderings wat Petersen in “Mulat” aanbring het, werk mee tot 'n verskerpte fokus en skerper aanslag waarin die identiteitskwessie en sosiale verwerping vooropstaan. Hierdie intensiteit is soortgelyk aan dié van “Die drumpel” in *Die*

kinders van Kain. Let op die skeldwoorde “voertsek”, “my goed vat, trek” en die skreiende slotreël: “Jou vaders hoerkind, ek!” Om die intensiteit in hierdie gedig te peil, kan die indirekte segging van dieselfde sentiment in “Verwantskap” vergelyk word waar dit minder kras, self ietwat hekelend voorkom: “as dit by vaders kom, is ons / verwant!”; in “Die drumpel” kan die bewuste weerbarstigheids van die slotreël nie ontken word nie:

Die drumpel
 Weer oor jou drumpel dop
 My skaduwee –
 Wil jy my weg voertsek?

Jy hoor hoe skugter klop
 Ek nog verleë –
 Ek moet my goed vat, trek?

Maar buite torring en terg
 dit, almelee:
 moet dit jou laglus wek?

Ek sal van Tafelberg
 dit luid wil skree:
 Jou vaders hoerkind, ek!

(*Die kinders van Kain*, 3).

Alhoewel Petersen hom meesal oor die sosiale uitsluiting van gekleurde mense, en by geleentheid ook dié van swart mense (bv. “Naturel” uit *Die kinders van Kain*, 23; “Vrou van Nyanga” uit *Laat kom dan die wind*, 36), uitgespreek het, het hy hom selde regstreeks oor aktuele politieke prosesse uitgelaat. Dwarsdeur sy lewe het hy vir hom as ’n gesiene skoolhoof in die Departement Kleurlingsake en politiek-behoudende mens ’n gematigde posisie uitgekerf en hom nooit op kollektiewe aksie verlaat nie, of dit nou ’n onderwysliggaam of ’n politieke party was. “Ek is nie ’n massamens nie”, het hy gereeld in verskeie onderhoude verklaar (Petersen in Durrant, 1985; kyk ook Jongbloed, 1987; Van der Ross in Swanepoel, 1989). Tog, in ’n seldsame aanduiding van politieke aktivisme skryf hy per geleentheid ’n gedig, al is dit ambivalent, wat gemene saak maak met die sentimente en aktivisme van linkse organisasies:

Advice

Don’t give it!
 like a Cain-child,

it is unwanted.

Take it,
 but only with hesitation.
 Advisory Councils,
 non-Coloured, and also
 Coloured
 need it, but
 don't take it
 withhold it,
 it is your only
 true possession!

Hy skryf “Advice” (gepubliseer in sy selfgepubliseerde bundel, *Meditations on the Brink*, 1962) in reaksie op die adviesrade wat in die loop van die veertiger- en vyftigerjare tot stand gekom het. Hierdie genomineerde politieke liggame was dikwels om verskeie redes gediskrediteer, hoofsaaklik omdat dit ver te kort geskiet het ten opsigte van die eis van versetsorganisasies om direkte parlementêre verteenwoordiging. Soos “Mulat” en “Die drumpel” is “Advice” tekenend van die verandering in intensiteit van Petersen se poëtiese dialoog in die era na die Nasionale Party-bewindsoorname van 1948. Vir gekleurde Afrikaanssprekendes kenmerk politieke ontugtering hierdie tydvak. In die jare vyftig het gekleurde kiesers hul stemreg verloor en is ’n gerf diskriminerende wette ingestel wat aparte geriewe, leefruimtes, staatsdienste en onderwys afgedwing het (kyk ook Petersen, 1952). In die Kaapprovinsie sou iemand met Petersen se onderwyskwalifikasies, inkomste en eiendomsbelange tot 1956 in nasionale en provinsiale verkiesings kon stem. In die loop van die eerste veertig jaar van sy lewe is die burgerregte van gekleurde mense egter stelselmatig weggekalwe. Die digter se sosiale wêreld het enger geword, sy persoonlike ervaring as uitgeworpene bitterder en sy digterlike protes priemender. Die opheffing van die skeiding tussen gekleurde en wit wat hy in sy lewensloop voorsien het, was nie meer moontlik nie en sosiale assosiasie soos dit uit “Mulat” blyk, het die merk van misdadigheid, oorskryding en verraad gedra. Gesien teen Petersen se gematigde lewensbenadering is “Advice” ’n afwyking, ’n flirtasie wat op persoonlike ontugtering eerder as oortuigde aktivisme dui.

Een van die terugkerende motiewe in die Petersen-oeuvre is die kontrasstelling tussen nag en dag, waar “nag” of die ondergaande son dikwels (kyk “Die gehelnde ... en, ek” in *Die stil kind*, 12) die skemerwêreld van uitsluiting, vrees, minagting en marginalisering verteenwoordig. “[D]agbreek”, “daeraad”, “daglig” of “dag” suggereer die teenoorgestelde gewaarwording van blootlegging, die sluiting van alle “mooglikheid”, die daeraad as “demon” (kyk “Uitingsdrang”, “Ballade van die Nag” in *Die enkeling*, 11, 16) of ontmanning (kyk “Pad” in *Suiderkruis*, 33; “Voortaan” in *Nag is verby*, 11). Teen die agtergrond van die verhullingsmotief wat “nag” verteenwoordig, is

die titel van *Nag is verby* aanduidend van ’n begrip van positiewe eiewaarde. Voorheen in “Ecce Homo” (*Die enkeling*, 29) het kinderlike strompeling ’n soortgelyke gevoel van selfvoldaanheid gerelativeer (“met lompe treë voel-voel sukkel soos ’n kind”), maar in dié vyfde Afrikaanse bundel is daar selfs sprake van aktiewe optrede. Sprekende strofes uit “Voortaan” lui:

Maar die nag is verby –
voortaan vir hom
die orentstaan,
die woord, die durf, die daad.

Nag is verby – laat kom
Dan die daeraad!

of in die titelgedig (*Nag is verby*, 20, oorspronklike kursief):

Die lekkerte
van die oomblik,
die *nou*

die *hier* bedwelm hom
so byna! Hy weet

dat hy dié oomblik
trots voel en gereed

Die nag is verby
Dank Heiland verby!

Waar afskeiding en vervreemding die verwantskapstema in die werk van die jonger Petersen kenmerk, spreek die ouerwordende digter in *Nag is verby* meesal van positiewe innerlike oortuiging, selfs al bly die “groot probleem” soos hy dit in “Portret ‘60” (*Nag is verby*, 47) minder fel as voorheen stel:

Nog bly die donker groot probleem
waarop hy moeisam konsentreer
terwyl die nag se ure hom
beleef tot by die voordag neem.

Die groter daadkragtigheid van *Nag is verby* word byvoorbeeld verwoord in “Wekroep” (31) met die oproep om “saam [te] stry”: “Dis jy wat geroep word, dis jy”. In “Nagwind” word hierdie daadkragtigheid omskryf in terme van waagmoed (oorspronklike kursief):

*Wie waag soos jy
durf waag
moet óf verloor*

*óf tot die laaste
nederlaag
oorwin!*

Wat het verander? Die sosiale stramien van vroeër is steeds in sommige gedigte aanwesig, maar die gevoelsintensiteit van die jare vyftig het afgeneem; daar is selfs die gevoel van positiewe vooruitsigte. Is dit bloot die gevoel van 'n ryper, ouerwordende digter? Is dit in reaksie op sy herstel na 'n ernstige siektetoestand wat gevolg het op sy aftrede op ouderdom sestig? (Petersen, 2010). In die geval van afgeslote lees is moontlike verduidelikings ter verklaring van die digterlike optimisme waarskynlik nie eens ter sake nie, maar aan die ander kant is die opvallende verandering in geestesingesteldheid tog ook 'n sinjaal van positiewe sosiale of persoonlike veranderings.

Dit is betekenisvol dat die verwantskap – die omringende omgewing – tussen adressant en geadresseerde, om Bakhtin weer op te roep, verander het. Petersen het hom teen die einde van die 1970's en die middel-1980's toenemend begeef op 'n terrein waar hy, in teenstelling met sy vroeë nie-samewerkingsgedig, nader aan die Nasionale Party-regering en sy semi-staatsinstellings staan, as wat in die breër swart gemeenskap en in besonder die gekleurde gemeenskap waardeer is. Die Nasionale Party-regering het sedert die einde van die 1970's meer bepaald uitgereik na geskikte “bruin leiers” om by allerlei lokale kultuur- en sosiale projekte te betrek en later betrokke te raak by prosesse om politieke hervorming van stapel te stuur. Dit was 'n tydvak waar sulke leiersfigure se openbare deelname tot aparte etniese instellings beperk was. Petersen het om pragmatiese redes verskeie geleenthede aanvaar om op nasionale liggamme te dien wat oor afsonderlike etniese grense gestrek het. Daarmee is waarskynlik sy kundigheid erken, maar dit was meesal tekenend van sy welwillendheid teenoor die regering. Hy het byvoorbeeld deelgeneem aan die werksaamhede van die Publikasieraad en in 1982, agt jaar na sy aftrede as skoolhoof, 'n aanstelling as die eerste nie-wit SAUK-raadslid aanvaar (P. McDonald; *Beeld*, 22.07.1982; *The Argus*, 26.07.1982; *Die Transvaler*, 30.07.1982). Beide aanstellings is destyds as omstrede beskou.

In 1982 ontvang hy die Dekorasie vir Voortreflike Diens van die Staatspresident (Vermaak, 1987: 4). Met hierdie daad word die vervreemding en die gebroke verhouding waarvoor Petersen in sy vroeë protesgedigte of die “Agter die grenslyn”-essay skryf, asook die patologie van “Mulat” op 'n persoonlike vlak opgehef. Trouens, in Augustus 1982 beweer Eerste Minister P.W. Botha selfs dat die digter nader aan hom staan as die wit Afrikaanse opposisiepolitikus Van Zyl Slabbert (*Oggendblad*, 02.08.1982). Petersen se verwantskap met die Afrikanerestablishment was toe knusser as wat ooit voorheen

moontlik was. Na 'n lewe van uitgeslotenheid en ontkenning sou dit die naaste wees wat 'n lid van die Afrikanerestablishment sou kom aan die erkenning van Petersen se “rasgenootlikheid”.

4. Slotbeskouing

Dwarsdeur sy lewe was Petersen 'n uitgesproke individualis wat vanweë sy persoonlike en sosiale agtergrond, gevorderde opleiding en politieke oriëntasie 'n besondere band met wit Afrikaanssprekendes aangevoel het (Petersen, 1952; Jongbloed, 1987), 'n aanvoeling wat vir die grootste deel van sy lewe nie beantwoord is nie. Van sy persoonlike uitings en sy protesverse sou selfs as verteenwoordigend van sy tyd geles kon word, maar dit is te betwyfel of sy keuses in die tagtigerjare, tydens 'n periode van ongekende politieke spanning, as sodanig bestempel kan word. “Petersen het te sterk (tot die establishment) gekonformeer”, het die taalkundige Tony Links (in Swanepoel, 1989) gesê, 'n siening wat die onderwys- en gemeenskapsleier Franklin Sonn (1987: 6) deel, maar in 'n huldeblyk versigtiger gestel het:

Ons, wat plek-plek nog die gal in ons monde voel brand, wil soms wonder of SV hom nie te geredelik teruggehou het nie – in 'n sin miskien té vergewensgesind, té welgeskape voorgedoen het (...) Die gedagte terg ons of hy nie meermale opsy moes gestaan het en sy emosies laat vloei het nie. Moes hy nie sy vlymskerp seggenskrag laat botvier het teen die onreg wat sy geslag aangedoen is nie?

Te oordeel aan hierdie uitsprake mag dit wees dat die Afrikanerestablishment Petersen aanvaar (en miskien self opgeneem) het, maar dat sy pragmatiese standpunt-inname negatief beoordeel is en dat hy hom daardeur waarskynlik van die aspirasies van 'n aansienlike deel van die gekleurde gemeenskap vervreem het.

Universiteit van Pretoria

Bronnelys

- (Anoniem).** 1982a. Eerste bruine word lid van SAUK-raad. *Beeld*, 22.07.1982.
- (Anoniem).** 1982b. Petersen see SABC appointment as responsibility. *The Argus*, 26.07.1982.
- (Anoniem).** 1982c. Riglyne kan wyd aanvaar word. *Oggendblad*, 02.08.1982.
- Adhikari, Mohamed.** 1996. *Straatpraatjies: language, politics and popular culture in Cape Town, 1909-1922*. Pretoria: Van Schaik.
- Adhikari, Mohamed.** 2005. *Not white enough, not black enough. Racial identity in the South African Coloured community*. Athens: Ohio University Press.

- Bakhtin, M. M.** 1981. *The dialogic imagination: four essays*. Michael Holquist (red.); Caryl Emerson & Michael Holquist (Vert.). Austin: University of Texas.
- Botha, Amanda.** 1982. SAUK se Petersen altyd “net mens”. *Die Transvaler*, 30.07.1982: 3.
- Dauids, Achmat.** 2011. *The Afrikaans of the Cape Muslims*. Hein Willemse en Suleman E. Dangor (eds.). Pretoria: Protea Boekhuis.
- Dekker, G.** s.j. *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis*. Kaapstad: Nasou.
- Durrant, Roberta.** 1985. *S.V. Petersen*. Johannesburg: Penguin-films (SAUK video-opname).
- Field, Roger.** 2010. *Alex la Guma. A Literary & Political Biography*. Auckland Park (Johannesburg): Jacana Media (Pty) Ltd.
- Gerwel, G.J.** 1982. *Literatuur en apartheid*. Bellville: Kampen.
- Jongbloed, Zelda.** 1984. Die lewe en wêreld van SV Petersen. *Rapport*, 01.04.1984: 3.
- Jongbloed, Zelda.** 1987. S V Petersen, vaar jou wel. *Rapport*, 01.11.1987: 6.
- Lake, A.S.** 1962. Bekende Kleurling-digter se vader sê: “Ek is blank – my pa was ’n Sweed”. *Die Landstem*, 8.09.1962.
- Lewis, Gavin.** 1987. *Between the wire and the wall. A history of “Coloured” politics*. Cape Town: David Philip.
- Luthuli, Albert.** 2006 [1962]. *Let my People go*. Cape Town: Tafelberg; Houghton (Johannesburg): Macufe.
- McDonald, D.J.** 1933. *Die Familie-lewe van die Kleurling: met ’n noukeurige ondersoek van die Stellenbosche Kleurling familie*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.
- McDonald, Peter.** [A]. “The literature police: apartheid censorship and its cultural aftermath”. www.theliteraturepolice.com/biographies/ Besoek: 12.08.2009.
- Millin, S.G.** 1986 [1924]. *God’s Stepchildren*. Johannesburg, Ad Donker.
- Millin, S.G.** 1926. *The South Africans*. London, Constable & Co.
- Muller, C.F.J.** 1990. *Sonop in die Suide. Geboorte en groei van die Nasionale Pers 1915–1948*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Petersen, S.V.** 1944. *Die enkeling*. Port Elizabeth, Kaapstad: Unie-Volkspers Bpk.
- Petersen, S.V.** 1946. *As die son ondergaan*. Port Elizabeth, Kaapstad: Unie-Volkspers Bpk.
- Petersen, S.V.** [1946?]. “Lewensbesonderhede” (manuskrip). Bloemfontein: NALN.
- Petersen, S.V.** 1948. *Die stil kind (en ander verse)*. Kaapstad: Maskew Miller.
- Petersen, S.V.** 1952. “Agter die grenslyn”. Dok 118. Z. Pr. P. (Ongepubliseerd). D. J. Opperman-argief, J.S. Gericke biblioteek, Universiteit van Stellenbosch.
- Petersen, S.V.** [1956?]. “Afrikaans – Language of my emotions”. *S.A. Panorama*, 85–86.
- Petersen, S.V.** 1957. “Nocturne”. *TEPA Educational News*. November-Desember, 58.

- Petersen, S.V.** 1960. *Die kinders van Kain*. Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg: Nasionale Boekhandel, Bpk.
- Petersen, S.V.** 1965. *Suiderkruis*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, Bpk.
- Petersen, S.V.** 1979. *Alleenstryd. 'n Keur uit sy verse*. Kaapstad: Tafelberg.
- Petersen, S.V.** 1980 [1962]. *Meditations on the Brink*. Rondebosch: [Eie publikasie].
- Petersen, S.V.** 1980. *Nag is verby*. Kaapstad: Tafelberg.
- Petersen, S.V.** 1985. *Laat kom dan die wind*. Kaapstad, Johannesburg: Perskor.
- Petersen, S.T.** 2010. My father, the headmaster, S.V. Petersen. (Ongepubliseerd) S.V. Petersen-simposium, Universiteit van Wes-Kaapland, 5 November 2010.
- Rademeyer, J. H.** 1938. *Kleurling-Afrikaans. Die taal van die Griekwas en die Rehoboth-Basters*, Swets & Zeitlinger: Amsterdam.
- Raman, F.** 1940. Die Kleurling en Afrikaans. *The Sun*, 20 September: 3.
- Somm, Franklin.** 1987. *Rapport*, 17(45): 6; 08 November, 6.
- Steyn, J.C.** 1980. *Tuiste in eie taal; Die behoud en bestaan van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, J.C.** 1998. *Van Wýk Louw. 'n Lewensverhaal* (2 dele). Kaapstad: Tafelberg.
- Swanepoel, Chris.** 1989. *Kind van die Dal*. Johannesburg: SAUK. (NALN 3017/95/28).
- Van der Ross, Dick (R.E.)**. 1987. Ons groet 'n vrind. Hy het Enkeling gebly. *Rapport*, 01.11.1987: 1.
- Van Wyk, Steward.** 1997. “ons is nie halfnaaitjies nie / ons is Kaaps”. Die wroeging met identiteit by enkele swart Afrikaanse skrywers. *Literator*, 18(2): 85–94.
- Van Wyk, Steward.** 2008 [A]. S.V. Petersen se tydskrifverhale. *Litnet-Akademies* 5(1): 43–57. www.oulitnet.co.za/newlitnet/pdf/la/LA_5_1_vanwyk.pdf Besoek: 12.08.2009.
- Vermaak, J.B.** 1987. Dit is soos 'n halsnoer wat jy inryg. *Prisma*, 2(8): 4-7.
- Willemse, Hein.** 1984. “Die wrange klag, die satire en opstandigheid van die Kleurling”: Towards a critical reconstruction of the intellectual history of Black Afrikaans poets. Ongepubliseerde voordrag gelewer tydens die *Economic and development and racial domination-konferensie*, Universiteit van Wes-Kaapland (Bellville), 8–10 Oktober 1984.
- Willemse, Hein.** 2007. *Aan die ander kant. Swart Afrikaanse skrywers in die Afrikaanse letterkunde*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Willemse, Hein.** 2008. Insularity and ambivalence: The case of the South African poet P. J. Philander's epic poem, *Zimbabwe*. *Research in African Literatures*, 39(1): 125–48.
- Willemse, Hein.** 2010. S.V. Petersen in dialoog met sy intellektuele en sosiale omgewing”. *Tydskrif vir Letterkunde*, 47(2): 31–47.

Note

1. Hierdie artikel is 'n hersiene weergawe van 'n voordrag gelewer op uitnodiging tydens die S.V. Petersen-simposium aangebied deur die Departement Afrikaans en Nederlands. Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville op 5 November 2010. My dank aan die organiseerders vir hul gul ontvangs en puik reëlings,

en die anonieme keurders vir hul kritiese insigte.

2. Ten opsigte van sosiale verhoudings in Suid-Afrika is etniese terminologie ingebed sodat besprekings daarsonder moeilik is, daarom word hier, waar ter sake, begrippe soos “Afrikaner”, “bruin”, “gekleurd”, “Kleurling”, “nie-wit”, “swart” en “wit” sonder bevooroordeelende intensie gebruik. Voorts is van die terminologie wat ter illustrasie aangehaal word vandag kwetsend.
3. Petersen se gebruik van naamwoord “Afrikaner” behoort toegelig te word. Hierdie naamwoord was naas sy aanvanklike betekenis van “’n persoon gebore in Afrika” ook vir ’n groot deel van die 19de en 20ste eeu beskrywend van *alle* Afrikaanssprekendes. Afrikaanssprekendes van Suidoos-Asiatiese afkoms is byvoorbeeld as “Afferkaners” benoem (kyk Davids, 2011: 139), terwyl uit persoonlike ondervinding “Afrikaner” in verskillende dele van Suid-Afrika in verwysing na swart Afrikaanssprekendes nie onbekend is nie. In Namibië kom die benaming “Afrikaner” met verwysing na die |Hóá-|aran, dit is die nasate van Jonker en Jager Afrikaner, voor. Die begripsverenging van “Afrikaner” in Suid-Afrika in verwysing na uitsluitlik wit Afrikaanssprekendes is ’n redelik onlangse ontwikkeling. Petersen se aanwending van die woord blyk iets van die oorkoepelende taalkulturele betekenis van die konsep – Afrikaanssprekendheid as sodanig – te omvat, alhoewel die enger etniese betekenis veral met sy verdere kwalifisering, “rasgenoot”, duidelik vooropstaan.
4. In die Afrikaanse literatuur, die media en algemene sosiale opvattinge is gekleurde mense op grond van 18de en 19de-eeuse raswetenskap dikwels as moreel en sosiaal verdag voorgestel en sou hulle in destydse stereotipe fisologies, linguïsties of intellektueel te kort skiet (kyk Gerwel, 1983; McDonald, 1933; Millin, 1924, 1926; Rademeyer, 1938).
5. J.C. Steyn (1998: 523) verwys in alle waarskynlikheid na hierdie artikel wat op versoek van die *Standpunte*-redaksie geskryf is oor die houding van die “kleurlingdigter” tot sy eie en die wit gemeenskap. Dit is egter nie geplaas nie. My dank aan Wium van Zyl en Steward van Wyk vir die beskikbaarstelling van die dokument.